**5 Desember**

**Skrifgedeelte: Jesaja 46:1-13**
**Fokusgedeelte: Jesaja 46:4**

## Sorg God vir jou, of sorg jy vir jou god?

’n Belangrike vraag: Lewe ek oorgegee onder die ware God se sorg, of moet ek vir my gemaakte god sorg? Wat jaag ek na, wat neem my aandag en tyd in beslag? Afgode moet gedra word, gevoed word, kan nie sonder my aandag bestaan nie.

Die lewende God is en bly God sonder mense. Hy gee lewe, Hy dra lewe, Hy sorg van geboorte tot in die grysheid. Hy hou sy kinders vas, Hy dra en red hulle.

Enige god wat mense nodig het om te bestaan, is nie die ware God nie. ’n Mensgemaakte god kan nie red nie. Dit wat my aandag en tyd opslurp, my weghou van die ware God, is niks werd. Dinge wat vir my belangriker geword het as God, dit wat veroorsaak dat ek verskonings moet uitdink, gee nie ewige vreugde nie.

Daar is net een God, daar is niemand soos Hy nie. Hy mag doen wat Hy wil en wanneer Hy wil. Hy was altyd daar en sal altyd daar wees. Hy hoef nie in standgehou te word nie, Hy is genoegsaam en soewerein.

Daar is net een God wat kan red. Net een Vader wat my só liefhet dat Hy sy Seun oorgee om in my plek aan die kruis te sterf. Net een Jesus wat Homself weggee om die pad na God oop te sterf. Net een Heilige Gees wat in my wil woon en my op hierdie nuwe pad na die lewe wil lei.

In my besig wees, my jag na aardse dinge, onthou, dink daaroor na: My God is lewend en Hy sorg vir my, ek hoef Hom nie te dra nie.

*Sing: Skrifberyming 12-3*

*Ds. JP van der Walt (Strand)*